testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2015

**10792**

**GESKIEDENIS**

# TWEEDE VRAESTEL

**PUNTE: 150**
**TYD: 3 uur**

**10 bladsye + 'n addendum van 14 bladsye**

GESKIEDENIS V2
1079A
10792A

X10

3

b.o.

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

**GESKIEDENIS**
**(Tweede Vraestel)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 150**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **AFDELING A** en **AFDELING B** wat op die voorgeskrewe KABV-dokument gebaseer is.

 **AFDELING A:**
 **BRONGEBASEERDE VRAE**

 **VRAAG 1:**
 BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

 **VRAAG 2:**
 DIE KOMS VAN DEMOKRASIE VIR SUID-AFRIKA EN DIE VERWERKING VAN DIE VERLEDE

 **VRAAG 3:**
 DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT NOU

 **AFDELING B:**
 **OPSTELVRAE**

 **VRAAG 4:**
 BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's SUID-AFRIKA: DIE APARTHEIDSKRISIS IN DIE 1980's

 **VRAAG 5:**
 DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE VERWERKING VAN DIE VERLEDE

 **VRAAG 6:**
 DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. Afdeling A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat nodig is om die vrae mee te beantwoord, kom in die BYLAAG voor.

3. Afdeling B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN vraag moet ŉ brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet ŉ opstel wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan ŉ brongebaseerde vraag óf ŉ opstelvraag wees.

5. Kandidate moet hulle kennis, vaardighede en insig gebruik om die vrae te beantwoord.

6. ŉ Direkte oorskryf van die bronmateriaal as antwoorde sal kandidate benadeel.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie. Bronmateriaal wat vir die beantwoording kan hierdie vrae gebruik moet word, om in die BYLAAG voor.

## VRAAG 1

## WATTER IMPAK HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN OP DIE SKOLIERE IN DIE 1970's GEHAD?

Bestudeer Bronne 1A, 1B en 1D en beantwoord die volgende vrae.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Volgens die bron, op watter maniere het Biko gedink dat apartheid swart Suid-Afrikaners van hulle trots en waardigheid ontneem? (2 x 2) (4)

1.1.2 Wie moet, volgens Biko, verandering bring vir onderdrukte swart Suid-Afrikaners? (1 x 2) (2)

1.1.3 Noem VIER dinge wat swart Suid-Afrikaners moet doen, volgens die bron, om hulleself te verander? (4 x 1) (4)

1.1.4 Definieer die volgende konsepte in jou eie woorde.

(a) *Swart bewussyn*

(b) *Onderdrukking* (2 x 2) (4)

1.2 Gebruik Bron 1B.

1.2.1 Noem TWEE faktore behalwe die Afrikaanse taalkwessie wat gelei het tot die Soweto opstand van 1976. (2 x 1) (2)

1.2.2 Verduidelik die TWEE parallelle prosesse wat ontvou het en swart politiek in die 1970's verander het. (2 x 2) (4)

1.2.3 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die filosofie van Swart Bewussyn die skoliere van Soweto geïnspireer het. (2 x 2) (4)

1.2.4 Verduidelik hoekom gewone swart Suid-Afrikaanse skoliere 'n groter rol gespeel het as swart Suid-Afrikaanse universiteitstudente in die weerstandspolitiek in die 1970's. (2 x 2) (4)

b.o.

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

1.3.1 Watter vergadering het, volgens Seth Mazibuko by Phefeni Skool plaasgevind aangaande die gebruik van Afrikaans as medium van onderrig? (1 x 2) (2)

1.3.2 Verduidelik die rolle wat die Swartbewussynsmag (BCM) en die ANC in die Suid-Afrikaanse Studentebeweging (SASM) gespeel het. (1 x 2) (2)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Verduidelik wat die spotprent uitbeeld op die studente se reaksie op die gebruik van Afrikaans as onderrigmedium. Gebruik die visuele leidrade in die bron ter ondersteuning van jou antwoord. (2 x 2) (4)

1.4.2 Wat vertel die woorde “To hell with Afrikaans” (Te hel met Afrikaans) jou aangaande die Soweto-skoliere se houding teenoor Afrikaans as onderrigmedium? (1 x 2) (2)

1.5 Vergelyk Bronne 1A en 1C en verduidelik hoe die inligting in hierdie bronne mekaar ondersteun aangaan die opstand van 16 Junie 1976. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik al die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (omtrent 80 woorde) waarin jy die impak wat die Swart Bewussynsfilosofie op die jeug in Soweto in die 1970’s gehad het, bespreek. (8)

**[50]**

**VRAAG 2**

**HOE HET DIE WAARHEIDS- EN VERSOENINGSKOMITEE (WVK) TEENOOR SUID-AFRIKA SE VERDEELDE VERLEDE OPGETREE?**

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Wat was, volgens die bron, die TWEE prestasies van die WVK? (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom, dink jy, was dit vir Suid-Afrikaners belangrik om hulle verlede te beskou? (2 x 2) (4)

2.1.3 Verduidelik die volgende konsepte in jou eie woorde.

(a) *Apartheid*

(b) *Rekonsiliasie* (2 x 2) (4)

2.2 Gebruik Bron 2B.

2.2.1 Hoe het party individue en organisasies op die WVK se voorlopige bevindings gereageer? (2 x 1) (2)

2.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis. Waarom, dink jy, het De Klerk en die ANC op hierdie manier gereageer? (2 x 2) (4)

2.2.3 Hoe het die WVK op die ANC gereageer? (1 x 2) (2)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Verduidelik die boodskap wat die spotprentkunstenaar oor die werk van die WVK uitbeeld. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.3.2 Lewer kommentaar oor Tutu se woorde: “AANVAL VAN LINKS, REGS EN VAN VOOR AF ...” (2 x 2) (4)

2.4 Verduidelik hoe die inligting van Bron 2B die visuele bewyse in Bron 2C ondersteun oor die werk van die WVK (TRC). (2 x 2) (4)

2.5 Bestudeer Bron 2D.

2.5.1 Waarom, volgens die inligting in die bron, het dit 10 jaar geneem om die 147 transkripsies aan die SAHA te oorhandig? (1 x 2) (2)

2.5.2 Gee moontlike redes hoekom die WVK oortreders “met strawwe maar hoflike ondervraging” gekonfronteer het? (2 x 1) (2)

2.5.3 Lewer kommentaar oor Dumisa Ntsebesa se stelling: “Dit was van die uiterste belang dat lêers toeganklik moes wees in die openbare (publieke) domein ...” (2 x 2) (4)

2.5.4 Verduidelik in watter mate die inligting in die bron van nut sal wees vir ŉ historikus wat die werk van die WVK bestudeer. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (80 woorde) om die rol van die WVK in na-apartheidse Suid-Afrika te verduidelik. (8)

**[50]**

## VRAAG 3

## WAAROM HET SUID-AFRIKA BY DIE BRICSGROEP AANGESLUIT?

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Watter boodskap het NEPAD oor Afrika op die Wêreldse Ekonomiese Forum oorgedra? (1 x 2) (2)

3.1.2 Waarom, dink jy, het NEPAD vrede as een van sy primêre doelwitte geïdentifiseer? (1 x 2) (2)

3.1.3 Noem die DRIE nuwe sleutelelemente wat NEPAD voorsien het. (3 x 1) (3)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Volgens die bron, hoekom het Suid-Afrika besluit om by die groep aan te sluit? (1 x 2) (2)

3.2.2 Watter rol het President Jacob Zuma gespeel om seker te maak dat Suid-Afrika by die BRICS-groep aansluit? (1 x 2) (2)

3.2.3 Verduidelik hoe Suid-Afrika se lidmaatskap aan die BRICS-groep vir almal voordelig sal wees. (2 x 2) (4)

3.2.4 Lewer kommentaar oor hoe bruikbaar hierdie bron vir ŉ historikus sal wees wat die rede hoekom Suid-Afrika by die BRICS-groep aangesluit het, bestudeer. (2 x 2) (4)

3.3 Verwys na Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik die verhouding tussen die BRICS-lande en die G8-groep. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

3.3.2 Lewer kommentaar oor die opskrif 'Die Groot Ontsnapping' in die konteks van ekonomiese globalisering. (2 x 2) (4)

3.3.3 Noem TWEE ander lande behalwe Suid-Afrika wat by die BRICS-groep aangesluit het. (2 x 1) (2)

3.4 Verwys na Bron 3D.

3.4.1 Hoeveel kapitaal moes elke lid van BRICS bydra tot die Ontwikkelingsbank? (1 x 1) (1)

3.4.2 Gebruik die bron en jou kennis en verduidelik of die maatreëls wat in plek gestel is om te voorkom dat een land oor ŉ ander sal domineer, sal slaag. (2 x 2) (4)

3.4.3 Gee EEN rede vir die stigting van die Nuwe Ontwikkelingsbank. (1 x 2) (2)

3.4.4 Verduidelik de verskil tussen die BRICS se nuwe Ontwikkelingsbank en die Bretton Wood-stelsel. (2 x 2) (4)

3.4.5 Verduidelik hoe die BRICS-groep uit die stigting van die Nuwe Ontwikkelingsbank voordeel sal trek. (1 x 2) (2)

3.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van omtrent AGT reëls (80 woorde) waarin jy verduidelik hoekom Suid-Afrika by die BRICS-groep aangesluit het. (8)

**[50]**

## AFDELING B

## OPSTELVRAE

Beantwoord minstens EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie. Jou opstel moenie langer as DRIE bladsye wees nie.

### VRAAG 4

**BURGERLIKE WEERSTAND 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA – DIE APARTHEIDSKRISIS IN DIE 1980's**

"Met intense binnelandse druk wat op die regering van P W Botha uitgeoefen is, was Suid-Afrika byna in ŉ toestand van burgeroorlog."

Ontleed die stelling hierbo krities in die konteks van interne weerstand teen die apartheidsregering, deur gemeenskaps-, studente- en werkerorganisasies tydens die 1980's. **[50]**

### VRAAG 5

**DIE AANBREEK VAN DEMOKRASIE IN SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

Evalueer in watter mate die eerste demokratiese verkiesing op 27 April 1994 die gevolg was van die onderhandelingsproses tussen die ANC en die Nasionale Party. **[50]**

### VRAAG 6

**DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN ŉ NUWE WÊRELDOORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

"Van al die invloede was niks groter as Gorbachov se hervormings nie en het aanleiding gegee tot die ineenstorting van die kommunistiese ryk, want dit het Pretoria se vrees dat die swart stryd (struggle) teen apartheid ŉ samewerking was wat direk uit Moskou gekom het."

Aangepas en vertaal uit *Tomorrow is Another Country* deur Allister Sparks.

Bespreek krities hoe die gebeure in die Sowjetunie ŉ invloed gehad het op Suid-Afrika se politieke veranderinge na 1989. **[50]**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**